

## Gereformeerde Kerk Bellville – 10 Desember 2017 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 11-3:3, 4 (Sb 16)

- 3 Salig die wat stil-sagmoedig / hier geen hoogheid wil verwerf,  
want 'n aarde sonder moeite, / nuut-herbore, sal hul erf.
- 4 Salig die wat, dors en honger, / smag na die geregtigheid,  
want vir hul is daar versading, / laafnis ná die dag van stryd.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

Loflied: Psalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE<sup>o</sup>alleen bly wag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:60, 63 (p. 598)

- 60 Tot U loop ek, op u hoop ek, / op u wette gee ek ag;  
en ek hou wat U getuig het / vol van liefde<sup>o</sup>en stil ontsag.  
'k Voeg my stil na u bevele / mag ek die maar nooit vergeet!  
HEER, U weet dit – al my weë / is voor U wat alles weet.
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.  
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal  
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,  
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

Gebed

Skrifberyming 2-2:1, 3 (Sb 34)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy former / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!  
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?  
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,  
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

**Skriflesing:** Matteus 5:1-12; 19:16-30

**Kernverse:** Matteus 5:6; 19:20-22

**Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.**

(Matteus 5:6 AFR53)

**Die jongman sê vir Hom: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort? Jesus antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My. Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad.**

(Matteus 19:20-22 AFR53)

**Tema:** Honger en dors jy na die geregtigheid van Gods koninkryk?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, mense praat maklik van geregtigheid. Gewoonlik hoor 'n mens hulle sê dat geregtigheid moet geskied. Maar wat bedoel mense met hierdie geregtigheid? Is dit geregtigheid soos wat ek dit verstaan? Moet 'n saak hanteer en afgehandel word sodat ek daarmee tevrede is? In die meeste gevalle kry 'n mens die indruk dit is wat mense bedoel met reg en geregtigheid. Wat gewoonlik vir mense reg en geregtigheid is, is die geregtigheid wat moet geskied.

Christus leer ons egter dat geregtigheid nie deur mense bepaal word nie. Die geregtigheid waarvan Hy praat is dit wat reg en goed is in die oë van God. As ons dan hoor wat is reg en goed in God se oë, moet ons dit ook doen. Dan moet ons ons stywe nekke buig, van ons trone afklim en dienaars van Koning Jesus wees. Wanneer Jesus van geregtigheid praat, praat Hy van die geregtigheid van God se koninkryk. Dit is na hierdie geregtigheid waarna ons moet honger en dors, en met hierdie geregtigheid wil die Heilige Gees gelowiges versadig maak. Om te verstaan wat die geregtigheid van God se koninkryk is, gaan ons aan drie sake aandag gee.

- 'n Mens versadig kan wees sonder dat 'n mens eens honger was.
- 'n Mens kan ook honger wees en nie versadig word nie.
- 'n Mens wat honger en dors na die geregtigheid van God se koninkryk sal versadig word.

Die eerste saak waarvoor die Heilige Gees ons aandag vra, is dat 'n mens versadig kan wees sonder dat 'n mens eens honger was. Die ryk jongman wat by Jesus aangekom het, was beïnvloed deur die Fariseërs. Die Fariseërs was die godsdienstige leiers en hulle was in konflik met Jesus oor sy leer van die koninkryk van God.

Die Fariseërs was verwaand genoeg om te dink hulle maak meer erns met die wet en die geregtigheid van die wet as wat Jesus doen. Terwyl dit juis die omgekeerde is. Net 'n bietjie verder in die Bergpredikasie waarsku Jesus sy dissipels uitdruklik:

**... as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie.**

(Matteus 5:20 AFR53)

Wanneer dit by die wet kom, gaan dit vir Jesus oor 'n geregtigheid wat baie meer omvat en baie intenser is as wat die Fariseërs daarvan maak het.

Die Fariseërs het die diep en ingrypende betekenis van die wet verlore laat gaan deur die wet te veruitwendig en te beperk tot uiterlike dinge wat jy moet doen. Met hulle verstaan van die wet, het hulle die wet kragteloos maak. Die Fariseërs het eintlik die tande van

die wet uitgebreek sodat hulle nie aan flarde geskeur sal word oor hulle ongehoorsaamheid nie. Volgens hulle moet jy formeel gehoorsaam wees aan die wet. Jy moet jou hande was voor jy eet, jy mag nie op die sabbat werk nie, jy moet vas, jy moet jou tiende gee van alles. En die Fariseërs het dit getrou gedoen. Hulle het aan die letter van die wet gehou soos wat hulle die wet verstaan het. Maar die sleutel van die wet het hulle weggegooi. En die sleutel van die wet is liefde, barmhartigheid, nederigheid.

Wie die wet verstaan soos die Fariseërs en die wet dan ook so aan die letter hou, sal selfvoldaan en selftevrede wees, soos hierdie ryk jongman. Toe Jesus vir hom sê dat hy die Tien Gebooie moet gehoorsaam, het hy met groot sekerheid gesê: Ek het dit alles van kleins af al gedoen. Wie so selftevrede is, sal in sy eie oë natuurlik beter lyk as die tollenaars en sondaars met wie Jesus gemeng het. In die oë van die mense het die ryk jongman regverdig gelyk. Dit het gelyk of sy saak met God reg is. Hy het versadig gelyk, maar hy en die ander Fariseërs was versadig met hulle eiegeregtigheid. Hulle meen hulle is volleerd en verstaan die wet, maar Jesus sê dat hulle nog nie eers die ABC van die wet ken nie.

Jesus sê egter, salig is die mense wat weet hoe ontoereikend eiegeregtigheid werklik is. 'n Mens wat versadig is met sy eiegeregtigheid is tevrede om net sy vriende liefde te hê en te dink dat hy sy naaste liefhet soos die Here wil, maar sy vyande, die mense wat hom te nagekom het, hulle word gehaat. Salig is die mens wat erken dat so 'n geregtigheid skyn-geregtigheid is – dit is hol en dolleeg. Dit is skynheiligheid, want ek het die wet gebuig sodat dit my pas en ek het dit nagekom soos ek dit verstaan en nou dink ek my optrede is reg in die oë van die Here.

Die mens wat besef hoe onvolledig sy eiegeregtigheid is, sal honger en dors na 'n beter en 'n allesomvattende geregtigheid. Dit is die geregtigheid wat jy doen wanneer jy nie net bely dat Jesus Koning is nie, maar wanneer jy Hom ook as jou Koning gehoorsaam. Dan sal jy dié seën wat jou vervloek, jy sal die mense liefhê wat jou haat, jy sal bid vir jou vervolgers. Mag die Heilige Gees ons oë oopmaak, sodat ons kan insien hoe weinig hierdie geregtigheid van God se koninkryk in ons lewe sigbaar word. Mag Hy ons dan ook lei om ootmoedig en vurig te bid dat Koning Jesus ons geheel en al in beslag sal neem. Ons moet honger en dors na die geregtigheid van Jesus se Koningskap in ons lewe. En wie een maal van hierdie geregtigheid geproe het, sal heilig verslaaf raak daaraan. Ons sal nooit genoeg kry nie en altyd bly honger en dors daarna.

Die Fariseërs en al die mense wat soos hulle maak, word egter versadig van hulle eiegeregtigheid sonder dat hulle weet hulle het nog nie geregtigheid gedoen nie. Maar 'n mens kan ook honger wees en nie versadig word nie.

Hierdie ryk jongman wat by Jesus opgedaag het, het tot die besef gekom dat sy eiegeregtigheid nie genoeg is nie. Daarom vra hy in watter opsig skiet hy nog tekort? Hy was nie gerus met sy geregtigheid voor God nie. Hy was onseker of sy saak regtig reg is by God. Daar heers by hom die gevoel dat hy nog iets moet doen om die ewige lewe te verkry.

Dit is verblydend dat hierdie jongman besef sy eiegeregtigheid is nie genoegsaam nie. En dit is nog meer verblydend dat hy ook na die regte Persoon kom, na Jesus toe. Trouens, die besef dat alles nie in orde was nie, het nie sommer vanself by die jongman opgekom nie. Dit is die Heilige Gees wat 'n mens onrustig maak oor die valse gerustheid in jou hart. Dit is die Heilige Gees wat 'n mens laat smag na meer net toe jy dink jy is versadig. Die geregtigheid wat Christus van ons eis, is veel meer as wat ons en die jongman dink dit is.

Hierdie jongman besef dat God se Koningskap oor sy lewe veel dieper en wyer moet wees as wat hy tot dusver beleef het. Daarom vra hy wat hy nog kan doen, want God se Koningskap is die moeite werd, sy Koningskap beteken die ewige lewe. Die jongman hunger en dors na iets meer. Maar toe Jesus nie iets vra nie maar alles vra, wou hy nie meer versadig word met die allesomvattende geregtigheid van God se koninkryk nie. Ja, geliefdes, Christus vra nie dit wat ons besit nie, Hy wil vir jou en vir my hê. Hierdie jongman moes alles verkoop en die geld aan die armes gee en Jesus volg. Vir Jesus het dit nie gegaan oor die geld van die jongman, maar oor die jongman self. Die jongman moes egter van sy besittings ontslae raak, want hy was daaraan verknog, hy het sy hart laat vasroes aan sy besittings.

As hierdie jongman alles sou verkoop en die geld vir die armes gee, sou hy geweet het wat dit beteken om jou naaste so lief te hê soos jouself. Dan sou hy die liefde wat God vereis, kon gee. Dan sou hy geweet het dat slegs Jesus Christus reg het om oor sy hele lewe te regeer as ewige Koning. Maar, helaas, hy gaan bedroef van Jesus af weg. Hy kan en wil nie sy eie koningskap oor sy besittings ook aan Jesus afstaan nie. Hy kan en wil nie dat Jesus Koning wees oor sy hele lewe nie. Hy het hunger na geregtigheid, maar die voedsel wat Jesus vir hom gee, is nie na sy smaak nie. Jesus gaan na sy gevoel te ver. Om saam met God seggenskap te hê oor sy lewe is vir hom nog aanvaarbaar, maar dat God alleen-seggenskap oor sy lewe moet hê, dis darem te veel gevra.

Broers, susters en kinders, ons moenie te vinnig van hierdie jongman se ontmoeting met Jesus wegdraai nie. In die koninkryk van God gaan dit ten diepste oor wat ons is, maar dit word getoets in dit wat ons besit, weet, kan en wil doen, dink, praat en nalaat om te doen. Dit gaan oor niks anders as onself, ons hart nie. Daar kan geen sprake van die geregtigheid van die koninkryk wees as God nie Koning ook van ons hart is nie. Hy moet volle seggenskap en alleenseggenskap oor ons hele lewe hê. Maar God se alleenseggenskap oor ons hele lewe is vir ons ook soms te veel gevra.

Ja, God het inderdaad alleenseggenskap wanneer dit by ons verlossing kom. Ons Gerefor-meerdes bely dit sonder skroom dat ons alleen met Jesus Christus se kosbare bloed van al ons sondes vrygekoop is. God skenk deur middel van die geloof die geregtigheid, heiligheid en gehoorsaamheid van Christus. Christus het mos in ons plek alles gedoen wat reg is in God se oë. Hy het selfs die straf vir ons sondeskuld aan die kruis gedra. Die Heilige Gees maak hierdie weldade van Christus deur die geloof so eiendom van ons asof onself aan die kruis gesterf het. In teorie en in praktyk het ons nie 'n probleem daarmee om God se seggenskap en sy Koningskap in Christus oor ons verlossing te erken nie.

Maar wanneer dit kom by die geregtigheid wat Jesus in ons wil volbring, is ons geneig om God se Koningskap in ons lewe te beperk. In die praktyk maak ons Jesus se geweldige eis van selfverloëning en kruis dra ietwat makker. Die kos wat Hy vir ons gee, naamlik die geregtigheid van sy koninkryk, lyk na ons smaak gevaarlik en ons pas dit aan en maak dit minder sout en smaakloser. En as ons dit nie kan aanpas nie, gaan ons keer op keer bedroef weg, want wat Jesus van ons vra, is darem te erg. Om altyd die minste te wees? Ag, kom nou, ek was darem dapper om een, twee, selfs drie keer die minste te wees. Die Here kan mos nie verwag dat ek selfs vir 'n vierde en 'n vyfde keer ook die minste moet wees nie.

Die geregtigheid van Christus wat God aan ons skenk, is heel smaaklik. Hy vergewe al my sondes geheel en al en Hy dink nooit weer daaraan nie. Maar wat van die geregtigheid

wat Christus in my wil volbring? Heng, ek het my suster en broer mos nou al séwe keer vergewe. Die Here kan mos nie verwag dat ek dit nog 'n keer moet doen nie. Ja, sê die Here, nog 'n keer en nog 'n keer. Nie net sewe keer nie, sê die Here, maar selfs sewentig maal sewe keer. Wees heilig, want Ek is heilig, sê die Here. Vergewe jou broer en suster soos Ek jou vergewe het. Wie honger en dors na hierdie geregtigheid en hy doen dit nie of pas dit aan na sy smaak, hy sal nooit versadig word nie.

Broers, susters en kinders, hierdie radikale geregtigheid wat Jesus in sy gelowige broers en susters wil volbring, verg onwankelbare geloof in die Koning wat die eis van geregtigheid stel. Wanneer 'n mens Jesus nie ten volle vertrou nie, sal jy sy stem in die wind slaan en Hom nie volg nie. Jesus vra dinge waarvoor 'n mens jou hart wil vashou. Hy wil nie mede-seggenskap in ons lewe hê nie. Hy wil alleenseggenskap hê. Hy wil nie in die rede geval wees nie. Hy eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Ons moet Hom gehoorsaam, al lyk dit of sy bevel gans onmoontlik is.

Petrus was 'n visser in murg en bloed. Hy het die see geken, want hy het van kleins af saam met sy pa op die see gewerk. Daarom het hy ook geweet dat die beste visvangs in die nag plaasvind. Een nag het hy die hele nag op die see deurgebring, maar hy het geen vis gevang nie. Uit sy kennis van die see het hy geweet, as daar geen vangsgedurende die nag was nie, sal dit glad nie help om nog gedurende die dag te probeer nie. Daarom kom hy terug na die oewer om sy nette skoon te maak. Jesus sê egter vir hom:

**Vaar uit na die diep water toe en laat julle nette sak om te vang.**  
(Lukas 5:4b AFR53)

Op hierdie woorde van Jesus tree Petrus se kundigheid en kennis oor die see na vore. Hy sê vir Jesus: **Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie.** By homself het Petrus eers gedink dat Jesus wel kennis oor geestelike sake het, maar van visvang weet Hy nie veel nie. As ons nou weer uitgaan om vis te vang, gaan ons vergeefse moeite aangaan. Maar op hierdie punt sluk Petrus al sy trots en kennis van visvangs, hy durf Jesus nie te korrigeer nie en sê toe: **maar op u woord sal ek die net laat sak.**  
(Lukas 5:5 AFR53)

Hier sien ons die praktiese uitwerking wanneer die geregtigheid van God se koninkryk aanvaar en uitgevoer word. Met volle vertroue in Jesus se woorde en met onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan Christus se bevel het Petrus uitgevaar en sy nette uitgewooi. Hulle het toe so 'n klomp vis gevang dat die net wou skeur. Daarom moes hulle toe hulle maats langs die oewer nader wink om hulle te kom help met die vis wat hulle gevang het. Albei skuite was so vol van die vis dat hulle amper gesink het.

Petrus het voor sy eie oë gesien wat gebeur as jy die Koning van die konings onvoorwaardelik gehoorsaam, as jy die geregtigheid wat Hy van jou eis ook doen. Wanneer Jesus sy geregtigheid in jou volbring, wanneer jy God glo, vertrou en gehoorsaam, kom die verras-sing van God na vore. Dan sien ons dat ons Koning baie magtiger, barmhartiger en ryker is as wat ons ooit vermoed het. Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid van God se koninkryk, want hulle sal versadig word.

Kom ons vat kortliks saam: Pasop dat jy nie versadig word van jou eiegeregtigheid nie en dan nie eers besef hoe honger jy werklik is nie. Moet ook nie jou neus optrek vir die geregtigheid wat Jesus jou leer omdat dit nie na jou smaak is nie. Jy sal honger bly en nooit versadig word nie. Honger en dors na die geregtigheid van God, glo en vertrou Hom,

en Hy sal jou versadig meer as wat jy verwag het. Word heilig verslaaf aan sy eregtigheid, en Hy sal jou altyd versadig.

**Amen!**

Gebed

Slotpsalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
  
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
10 Desember 2017